

Vrydag 9 November

Skrifgedeelte: Sagaria 1:7-17

Fokusgedeelte: Sagaria 1:14

Die Here is hartstogtelik begaan oor sy kinders

Die Here gee vir Sagaria die eerste van agt naggestigte: Hy sien tussen die mirtebome (simbool van die ingang tot die hemel) in 'n diep kloof vier perderuiters wat van die uit-hoeke van die wêreld af kom. Hulle boodskap is dat die hele wêreld stil en rustig is. Daar gaan niks aan nie.

Dit lyk asof hierdie boodskap nie ooreenkom met die profesie van Haggai (2:20-24) twee maande vantevore nie. Geweldige onrus en opskudding gaan uitbreek voordat die volk ná 70 jaar van ballingskap verlos gaan word (vgl. Jer. 25:11). 67 jaar is verby ... en nou lyk dit asof daar niks gebeur nie.

Die engel van die Here wat die boodskap aan Sagaria tolk, weet van hierdie sogenaamde teenstrydige boodskappe. Hy vra die Here hieroor en vind 'n ongelooflike gerus-stellende antwoord: Die Here is hartstogtelik begaan oor sy kinders. Hy gaan deur sy toorn optree teen die nasies wat dit vir sy volk so moeilik gemaak het. Soos 'n man wat sy vrou uit opregte liefde beskerm en eer, so maak die Here met sy volk.

Die volk word bemoedig dat die werk aan die tempel voltooi sal word. Bowendien sal die Here weer in sy woonplek gedien word en Jerusalem sal weer opgebou word. Die Here gee aan sy volk weer genade en voorspoed.

Die volk het geen rede gehad om paniekbevange te raak oor wat God belowe het nie. Hy doen altyd al sy beloftes gestand!

Is dit nie hoe ons Hom oor jare leer ken het nie?

Sing: Psalm 97-1:1, 4

Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)